

# KOMMUNIKAMMA 29 MEI 2022



## **Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

## **PROGRAM VIR DIE WEEK:**

### **Sondag 29 Mei 2022**

**Skriflesing:** Openbaring 22:6 - 21

**Tema:** Ons uitsig op ons toekoms, gee vandag nuwe betekenis.

[https://youtu.be/F1Zc82\\_vh1U](https://youtu.be/F1Zc82_vh1U)

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

### **08:30 EIETDSE EREDIENS EN KLEUTERKERK**

### **09:45 KATEGESSE VIR GRAAD 1 – 11 BY DIE KERKGEBOU.**

### **10:00 KLASSIEKE EREDIENS**

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Gemeentebediening**

Ons is opsoek na lidmate wat kan help met die opneem van die dankoffers by die deure. Indien jy bereid is om te help, kontak asb vir Hennie Bakkes (082 657 008) of die kerkkantoor

### **PINKSTER 2022**

**Tema:** Van wanhoop na hoop.

#### **Sondag 29 Mei om 18:00**

**Tema:** Lof in gebrokenheid.

**Skriflesing:** Matt 5:3-4; Ps 103

<https://youtu.be/X1qPq-m4rSc>

#### **Maandag 30 Mei om 09:00 of 18:00**

**Tema:** Van uitgestoot na ingesluit.

**Skriflesing:** Lukas 19:1-10; Jesaja 53:1-5

<https://youtu.be/F7riHLitNyg>

#### **Dinsdag 31 Mei om 09:00 of 18:00**

**Tema:** Van toe deure na oop vensters.

**Skriflesing:** Handeling 16:6-15; Rut 3:1-4:17

[https://youtu.be/tok-dZ8\\_KV8](https://youtu.be/tok-dZ8_KV8)

### **Woensdag 1 Junie om 09:00 of 18:00**

**Tema:** Van ontevrede na vrede.

**Skriflesing:** Lukas 12:13-21; Psalm 16:1-11

[https://youtu.be/vHUVZtNW\\_dw](https://youtu.be/vHUVZtNW_dw)

Die 09:00 diens word lewendig uitgesaai en dit sal 'n rukkie daarna op Youtube beskikbaar wees. Die dankoffer by elke byeenkoms gaan vir die Bybelgenootskap.

### **Maandag 29 Mei**

#### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor die hele week via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD IN DIE KONSISTORIE.** Ons verootmoedig ons, onder andere, voor die Here vir reën.

### **Woensdag 1 Junie**

#### **Voedselhulp aan PE-Noord**

**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak

**Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Ons het die volgende skrywe van PE Noord ontvang: Tot en met die maand van Mei het ons aan 786 gesinne kospakkies voorsien. Gemiddelde getal van 'n gesin is 4 na 5 persone. Tans doen ons kospakkies op Vrydag en sopkombuis op Saterdag. Sopkombuis bedien tans tussen 20 en 45 persone per Saterdag. Daar is gemiddeld tussen 60 en 105 gesinne wat gereeld gehelp word met kospakkies. Die grootste gedeelte van mense wat hulp ontvang het hul werk verloor en ons het ook baie bejaardes. Streng kontrole word toegepas om te voorkom dat die bediening misbruik word.

Baie dankie vir jul gereelde bydraes tot ons voedselhulp program.

### **Vrydag 3 Junie**

#### **05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

### **Saterdag 4 Junie**

#### **PE NOORD HOU KERMIS**

Pe Noord gemeente hou op Saterdag 4 Junie hulle jaarlikse kermis. Hulle is opsoek na die volgende produkte: Meel, eiers, suiker, olie, kondensmelk, jellie, pakkies kits poeding en vla. Indien jy 'n bydrae wil lewer, kan dit Woensdae by die kerkkantoor afgelaai word. Kontak Sonja Spies (084 516 4925) vir meer besonderhede.

### **Sondag 5 Junie**

#### **09:00 NAGMAAL**

**Geen Kleuterkerk of Kategese a.g.v die Nagmaal**

#### **Afsluiting van Pinksterweek**

Ons sluit die Pinksterweek af met Sop en Broodjies in die saal, direk na die erediens. Laat weet asb vir Niekie indien jy gaan saamkuier.

#### **SAKE vir GEBED:**

- Pinksterdienste wat vanaand begin. Bid dat die Gees kragtig sal werk in almal van ons.
- Avontuurweke in die vakansie.
- Ons dank die Here vir elke druppel genade reën, maar bly op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van ons damme.
- Almal wat siek is, ook met Covid. Ons bid dat elkeen van hulle genesing en die nabyheid van God sal ervaar.
- Pierre Havenga se herstel nadat hy in die hospitaal was. Bid ook vir sy vrou Marietjie en hul familie.
- Hendrik en Helena Stroebel. Die oom het geval en is in frailcare.
- Marlene Postma en gesin met die afsterwe van haar ma.

- Almal wat toetse of eksamen skryf.
- Die inwoners van veral die Suidkus van Kwazulu-Natal wat gebuk gaan onder baie hartseer, ontwrigting en trauma. Bid vir al die uitdagings en dat fondse vir noodsaaklike en dringende herstelwerk nie weens bedrog verlore sal gaan nie.
- Dat ons as kinders van die Here sal staande bly teen die aanslae van die bose.
- Die situasie in die Oekraïne is baie kritiek. Ons bid vir Goddelike ingryping, beskerming en vrede.

#### **Gebedsversoek vir There4-Bedieninge**

Bid saam met die buitelandse Christene in **Qatar**. Bid dat hulle beskerm sal word teen die wrede mishandeling wat hulle ervaar. Bid God se beskerming en bewaring oor hulle.

#### **Avontuurweek 4-8 Julie 2022**

Na 'n paar jaar is die Avontuurweek terug. Ons gaan hierdie jaar by Lorraine en Waypoint se aanbiedings inskakel. Die week van 4-8 Julie se aanbiedings gaan by Lorraine Gesinskerk plaasvind. Indien jy in Graad 1-7 is, skryf gerus in, of indien jy as Graad 8-12 leerder wil dien as leier vir die week is jy ook welkom om in te skryf.

**Tema – KINGDOM ROCK!**

**Tyd: Elke dag van 08:00 tot 13:00**

**Kinders gaan lag, leer en speel deur die dag!**

**Vir meer inligting en om te registreer, gaan asseblief na die webwerf: [www.avontuurweek.co.za](http://www.avontuurweek.co.za)**

#### **Boeke beskikbaar**

Die boeke van Alwyn Uys en Johan Laten is by die kerkkantoor beskikbaar om te leen, indien jy dit wil lees. Kontak asb vir Niekie vir meer inligting.

#### **Stop-tekens en Spoedhobbels verf Projek**

Ds Toit is saam met verskeie ander rolspelers in die gemeenskap besig met 'n projek waar hulle in Junie Maand wil begin om self van die Stopstrate en spoedhobbels in Framesby, Fernglen en Sunridge te verf. Indien jy graag meer wil uitvind oor die projek of 'n bydrae wil maak, kontak hom gerus.

#### **Video- en musiekbandjies (“tapes”)**

Wil jy graag jou ou video- of musiekbandjies (tapes) oorsit op DVD, CD of Geheuestokkie? Kontak gerus vir Bettie Celliers by 082 495 1901

#### **Nuwe Lidmate**

Ons verwelkom die volgende lidmate in ons gemeente:

Wium Steenkamp

Marieta Steenkamp

Gerhard, Crystal, Kalye en Kian Schellingerhout

Johan, Nicky en Lohan Naudé

Boet en Lea de Beer

#### **VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

29 Mei Ina Retief en Liandri Vorster

30 Mei Divanu Bezuidenhout, Careen Hamilton, Leah Lotter en Adri Viviers

31 Mei Lynn Rossouw en Salomie van Niekerk

1 Junie Ryan Bennin, Jean Capes, Gerrit Coetzee, Willem Joubert, Marietjie Joubert, Jean-Mari Oberhölzer, Marie Roets, Reyno Strydom, Marius van Rooyen en Ricky Venter

2 Junie Dalene Pagel, Lorraine Ungerer, Ocker Ungerer, Johan van der Merwe, Dewald van Heerden en Hantie van Onselen

3 Junie Janine Dreyer, Chris Hanekom, Stoffel Lotter, Tina van der Merwe, Dewald van Niekerk en George van Onselen

4 Junie Harry Keevy, Kaley Schellingerhout en Sonja Spies



#### **FINANSIES**

### **As God se fontein van liefde seën die Here ons om tot seën te wees.**

Ons het in die afgelope 5 maande die volgende skrywes van dank ontvang vir ondersteuning deur die gemeente. Van hierdie betalings is al in 2021 gedoen. There4-bedieninge (R19 886.00); Radio Feba (6 997.80); Bybelgenootskap (R7 404.00) en CMR (R25 000.00).

Ons het ook ons rentevrye lening vir die verbeterings aan die kerkgebou afbetaal. Dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Kom ons bly steeds die Here met ons beste offer dien. Indien u so gelei word, kan 'n erflating uit u testament ook bydra tot seën in die Koninkryk van God.

### **DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word. Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma  
Absa Tjekrek 1400590091  
Takkode 632005

